

## HOOFSTUK 2: DIE INVLOED VAN ENKELOUERSKAP OP DIE KIND IN DIE LAAT MIDDELKINDERJARE EN TERAPEUTIESE INTERVENSIE MET DIE KIND IN DIE ENKELOUERGESIN

### 2.1 Inleiding

Wanneer enkelouerskap in die lewe van die kind intree, gaan dit gewoonlik gepaard met veranderinge wat dikwels 'n ontwrigtende uitwerking op die kind het. Kinders het die begeleiding en ondersteuning van hulle ouers nodig wanneer hulle gekonfronteer word met bepaalde lewensveranderinge. Volgens Van Loggerenberg & Roets (1993:111) kom die ouer tydens enkelouerskap nie by die kind se belewinge uit nie, aangesien hy/sy dikwels gepreokkupeer is met sy/haar eie ongunstige belewinge na die verlies van 'n huweliksmaat. Die kind kan in hierdie gevalle nie op die begeleiding en ondersteuning van die enkelouer aanspraak maak nie en is hoofsaaklik op hom-/haarself aangewese om die gepaardgaande veranderinge te trotseer. Indien daar in gedagte gehou word dat die kind ook emosioneel deur die verlies van 'n ouer ontwig is, word die kind se hantering van die veranderinge nog verder bemoeilik.

Enkelouerskap mag verder daartoe lei dat die gesin weens ekonomiese redes na 'n omgewing met goedkoop behuising, soos 'n woonstel in die middestadomgewing, moet verhuis. Na aanleiding van Dubow, Edwards & Ippolito (1997:130) se studie wat die verhoudings van spesifieke stressore (groot lewensgebeure en verblyf in 'n minderbevoorregte omgewing) en hulpbronveranderlikes (gesinsondersteuning, portuurgroepondersteuning en selfwaarde) tot spesifieke gevalle van aanpassing van middestadkinders (antisosiale gedrag, dwelmgebruik en akademiese prestasie) ondersoek het, het spanningsvolle gebeure en moeilike buurtomstandighede bygedra tot die voorspelling van antisosiale gedrag. Hoër vlakke van selfwaarde en gesinsondersteuning het verband gehou met laer vlakke van antisosiale gedrag; terwyl hoër vlakke van portuurgroepondersteuning verband gehou het met hoër vlakke van antisosiale gedrag. Terwyl gesinsondersteuning dus as 'n buffer gedien het vir die verhouding tussen spanningsvolle gebeure en antisosiale gedrag, het portuurgroepondersteuning die effek van stressore op gedragswanaanpassing vergroot (Dubow, *et al.* 1997:130). Die enkelouerkind in 'n middestad konteks is dikwels

oorgelewer aan sy/haar portuurgroep omdat daar geen ondersteunende volwassene in die kind se lewe aanwesig is nie. Terapeutiese groepintervensie onder leiding van 'n begrypende terapeut, kan aan die enkelouerkind die nodige positiewe ondersteuning bied ten einde die enkelouersituasie beter te kan hanteer.

Daar sal in hierdie hoofstuk gefokus word op die emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare; die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare; die enkelouerkind in 'n middestad konteks en terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin.

## **2.2 Die emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare**

Daar is reeds in Hoofstuk 1 aangetoon dat die tydperk tussen die sesde en twaalfde lewensjare volgens Louw, *et al.* (1998:322) algemeen bekend staan as die middelkinderjare. Die middelkinderjare kan verdeel word in die vroeë middelkinderjare (ses tot agt jaar) en die laat middelkinderjare (nege tot twaalf of dertien jaar). Volgens Congress & Lynne (1994:108) is die middelkinderjare 'n tydperk waartydens baie leer op beide 'n kognitiewe en sosiale vlak moet plaasvind. Indien 'n kind meer as die normale hoeveelheid angstigheid ervaar, word die normale leerproses nadelig beïnvloed. Die emosionele ontwrigting van die kind wat dikwels deur enkelouerskap meegebring word, oefen 'n nadelige invloed uit op die kind se kognitiewe en sosiale ontwikkeling.

### **2.2.1 Emosionele ontwikkeling in die laat middelkinderjare**

Tydens die middelkinderjare bereik die kind volgens Louw, Schoeman, Van Ede & Wait (1990:362) groter emosionele buigsaamheid en groter emosionele differensiasie. Die kind se emosies word meer spesifiek, divers en gesofistikeerd. Groter emosionele differensiasie stel kinders ook in staat om 'n verskeidenheid van gevoelens uit te druk (Louw, *et al.* 1990:362). Kinders in die middelkinderjare kan na aanleiding hiervan as ideale kandidate vir gestaltgroepwerk beskou word, aangesien kinders tydens hierdie

groepwerksessies aangemoedig word om hulle gevoelens te identifiseer, te besit en uit te druk.

Na aanleiding van Vander Zanden (in Louw, *et al.* 1990:362) verander kinders se begrip van hulle emosionele ervarings tussen die ouderdomme ses tot elf jaar. Hulle skryf toenemend emosionele opwekking aan interne oorsake toe; hulle begin bewus word van die sosiale reëls wat die uitdrukking van emosie beheer; hulle leer om gesigsuitdrukkings met groter akkuraatheid te “lees”; hulle begin verstaan dat emosionele toestande psigies verander kan word (byvoorbeeld deur aan iets aangenaam te dink wanneer jy treurig voel); en hulle besef dat mense gelyktydig meervoudige emosies kan ervaar. Namate die kinders ouer word, word hulle ook in staat om emosionele etikette soos “woede”, “vrees”, “treurigheid” en “geluk” te identifiseer en aan hulle innerlike gevoelens toe te dig. Hulle begin ook beter verstaan hoe ander mense voel en waarom hulle wel so voel. Hulle is beter in staat om hulle emosies in bedwang te hou en om hulle gevoelens weg te steek (Vander Zanden in Louw, *et al.* 1990:362). Tydens gestaltgroepwerk word die kind deur verskeie tegnieke die geleentheid gebied om sy/haar gevoelens binne ‘n vertroulike atmosfeer met ander te deel en om ander te ondersteun wat negatiewe gevoelens ervaar.

Die ontwikkeling van die kind se selfbeeld speel ook ‘n belangrike rol in die middelkinderjare. Volgens Bluestone (1991:257) oefen die onmiddellike omgewing en skool ‘n baie groot invloed uit op die ontwikkeling van die selfbeeld van kinders in die middelkinderjare. Hulle leer om hulleself te sien soos wat ander hulle sien en dikwels volgens redelike kras standaarde. Wanneer die kind met ander sosialiseer, kan hy/sy nou differensieer tussen verskillende sienings en behoeftes; hy/sy kan ook verskeie sienswyses gelyktydig oorweeg. Sosialisering is ‘n kritiese taak vir die nege en tien jarige kind. Goeie sosialiseringvaardighede en positiewe portuurgroepervaring bevorder ‘n sterk selfbeeld, standvastige identiteit en intakte karaktervorming (Bluestone, 1991:257).

### **2.2.2 Sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare**

Die sosiale ontwikkeling van die kind vind binne die konteks van die kind se gesins- en portuurgroepverhoudings plaas. Die kind moet verskeie ontwikkelingsstake en

gesinstake bemeester ten einde optimale sosiale ontwikkeling te kan bereik. Die volgende ontwikkelingstake wat bydra tot die psigiese, emosionele, sosiale en morele ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare word deur Pretorius (1994:97-101) onderskei:

- Die ontwikkeling van 'n positiewe selfopvatting.
- Leer om met die portuurgroep oor die weg te kom.
- Leer om die manlike of vroulike sosiale rolle op 'n toepaslike wyse te vervul.
- Die ontwikkeling van 'n gewete, moraliteit en waardesisteem.
- Die ontwikkeling van persoonlike selfstandigheid.
- Om 'n aktiewe, samewerkende gesinslid te word.
- Ontwikkeling van die vermoë om doeltreffend met volwassenes en die portuurgroep te kommunikeer.
- Leer gevoelens en impulse hanteer.
- Voortgesette selfontdekking as waardige persoon. (Vergelyk Louw, *et al.* 1990:326.)

Die verandering in gesinstruktuur vanweë die verlies van 'n ouer, kan die kind se bemeestering van die ontwikkelingstake negatief beïnvloed, aangesien die kind se aanpassing binne die enkelouergesinsopset en onaangename gevoelens ten opsigte van verlies van 'n ouer sy/haar fokus in beslag neem, sodat daar min energie oor is vir die bemeestering van die ouderdomstoepaslike ontwikkelingstake. Die kind se selfbeeld moet in hierdie gevalle baie versterk word en die kind moet leer hoe om op gepaste wyses aan sy/haar gevoelens wat verband hou met die verlies van 'n ouer en die enkelouergesinsituasie, uiting te gee en dit te hanteer.

Die gesinstake wat bydra tot die psigiese, emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind, word soos volg deur Pretorius (1994:102-104) uiteengesit:

**Sosialisering van die kind:** Sosialisering is die proses waardeur die kind gehelp word

- om 'n aanvaarbare lid van die groep te word;
- om die self as sosiale wese te ontdek;
- om in 'n verskeidenheid van sosiale rolle met ander persone te kommunikeer;
- om die verwagtinge en reaksies van ander persone te antisipeer; en

- om vir toekomstige sosiale rolle voor te berei.

Deur sosialisering verwerf die kind die kennis, vaardighede en houdings wat nodig is om sosiaal te funksioneer. Sosialisering word altyd in kommunikasie met ander individue verwerklik. Sosialisering begin dus in die kind se gesin en kring uit na die kind se verhoudings met sy/haar portuurgroep.

Die gesinslede het die verrykende ervaring dat hulle saam met die laerskoolkind in die groter gemeenskap en sy aktiwiteite in beweeg. Daar is druk op die ouers om by die skool, jeugverenigings, kerk- en ouerleidinggroepe en hulle kinders se sport- en kulturele aktiwiteite betrokke te raak.

**Aanmoediging van kommunikasie in die gesin:** In die gesin bestaan daar 'n netwerk van kommunikatiewe verhoudings, naamlik:

- man-vrou-verhouding (kommunikasie)
- ouer-kind-verhoudings (kommunikasie)
- kind-kind-verhoudings (kommunikasie)

Daar is dus gedurige, veelvuldige, dinamiese, intensiewe kommunikasie tussen die gesinslede.

Dit is belangrik dat die kind in die gesin tot die gesonde uitdrukking van negatiewe gevoelens soos vrees, angst, wrok, woede en jaloesie kan kom. Die kind kan dan sy/haar opgekropte emosies teenoor die ander gesinslede laat ontplof soos frustrasie, teleurstelling en vyandigheid. Dit is 'n natuurlike en gesonde gebeure dat die gesin as emosionele uitlaatklep dien. Wanneer kommunikasiesisteme in die gesin oop is, kan liefde deurvloei en destruktiewe emosies teenwerk.

**Effektiewe opvoeding van die kinders:** Die opvoedingsgedrag van die ouer oefen 'n betekenisvolle invloed uit op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind en op die ouer-kindverhouding. Die opvoedingsgedragpatrone van ouers verskil baie van mekaar:

- outoritêre ouers maak baie gebruik van reëls, uitskel, straf en “omdat ek so sê” om die kind te kontroleer;

- demokratiese ouers is buigsaam, moedig kinders se deelname in gesinsbesluitneming aan, beklemtoon selfkontrole en bied redes eerder as om blinde gehoorsaamheid te eis.

Binne die enkelouergesin is die ouer dikwels nie in staat om hierdie belangrike gesinstake by die kind te ontwikkel nie, aangesien hy/sy bloot nie tyd het nie vanweë ekonomiese verpligtinge of vanweë die feit dat hy/sy nie emosioneel daarvoor opgewasse is nie. Die hulp van 'n terapeut en die inskakeling van die kind by groepterapeutiese intervensie, kan daartoe bydra dat die kind wel nog hierdie gesinstake en ontwikkelingstake kan bemeester. Die versterking van die self deur middel van tegnieke vir die bevordering van kontak met die self, wat in gestaltterapie hoog aangeskrewe staan, sal onder andere die kind in die enkelouergesin se bemeestering van die ontwikkelingstake en gesinstake bevorder.

### **2.3 Die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare**

Die totstandkoming van enkelouerskap lei in baie gevalle tot 'n meer problematiese lewensituasie vir beide ouer en kind. Die gesinstruktuur is ontwrig en dit bring dikwels ook emosionele ontwrigting vir ouer en kind mee. Daar sal vervolgens gefokus word op die algemene problematiek van die enkelouergesin en dan meer spesifiek op die invloed van enkelouerskap op die kind:

#### **2.3.1 Algemene problematiek van die enkelouergesin**

Die enkelouergesin word dikwels gekenmerk deur sekere kwesbaarhede wat nie noodwendig by die gesin met twee ouers aanwesig is nie. Snyman & Le Roux (1993:86-87) lig die volgende kwesbaarhede uit:

- **Ekonomiese kwesbaarheid:** 'n Enkelouergesin is geheel en al afhanklik van een persoon vir sy ekonomiese instandhouding. Indien die stygende lewenskoste en inflasie in ag geneem word, ervaar enkelouers dikwels 'n verlies aan ekonomiese sekuriteit. (Vergelyk Louw, *et al.* 1990:375; McLanahan & Sandefur, 1994:25-26 en Simons & Associates, 1996:142.)

- **Emosionele kwesbaarheid:** Strukturele verandering of ontwrigting in die gesin veroorsaak dikwels ernstige emosionele ontwrigting. Die gesinslede is gevolglik in 'n groter mate afhanklik van mekaar vir emosionele ondersteuning.
- **Sosiale kwesbaarheid:** Disintegrasie van die gesin as geheel, impliseer sosiale ontoereikendheid, sosiale stigmatisering en sosiale heroriëntasie vir die enkelouergesin. Sosiale kwesbaarheid is dikwels die gevolg van etikettering deur die samelewing.
- **Kwesbaarheid ten opsigte van roldifferensiasie:** Enkelouergesinne moet gesinsverhoudings herdefinieer. Dit gaan gewoonlik gepaard met veranderinge in posisie en rolvertolking. 'n Groot mate van rolvertolking is 'n eienskap van die enkelouergesin en lei tot 'n toenemende kwesbaarheid van gesinslede.
- **Pedagogiese kwesbaarheid:** Enkelouerskap impliseer onvermydelik beskadigde opvoeding en veranderde gesinsverhoudings wat mag bydra tot opvoedkundige belemmering.

Wanneer die kind uit 'n enkelouergesin in terapie ingeskakel word, moet hierdie kwesbaarhede van sy/haar gesinsomgewing in ag geneem word. Hanteringstrategieë moet aangepas word om by die kind se betrokke omstandighede te pas.

Daar is reeds aangetoon dat die grootste oorsaak van enkelouergesinne egskeiding is en dat die meeste enkelouergesinne die moeder as enkelouer het (Lefrancois in Louw, *et al.* 1998:357-358). Die problematiek van enkelmoeders word deur Naran (1991:30) verduidelik na aanleiding van 'n studie oor die persoonlike eienskappe, sosiale ondersteuningsisteme en netwerk eienskappe van 50 lae-inkomste enkelmoeders wat geïdentifiseer is as verbruikers en nie-verbruikers van formele professionele sosiale dienste. Daar is bevind dat baie enkelmoeders op hulle families staatmaak vir behuising, kindersorg, emosionele ondersteuning en geselskap. Baie het 'n gebrek aan persoonlike hulpbronne of aan tyd-, finansiële- en kindersorghulpbronne ten einde 'n groot nie-bloedverwante ondersteuningsstelsel te ontwikkel en te handhaaf. Alhoewel hierdie vrouens konsekwentheid en stabiliteit in hulle lewens benodig, ten einde die eise van ouerskap te hanteer, het hulle ook 'n natuurlike behoefte om 'n lewe vir hulleself te bou. Hulle benodig ruimtegewende, nie-bloedverwante netwerke wat verandering fasiliteer, sodat hulle nuwe rolle kan ontwikkel en hulle sosiale verhoudings kan uitbrei. Dit kom egter na aanleiding van die studie voor dat baie

enkelmoeders nie oor die hulpbronne beskik om sodanige netwerke wat hulle lewensbevreëding sal bevorder, te ontwikkel nie. Dit blyk dat hulle slegs betrokke is by die blote hantering van enkelouerskap en dus hulle netwerke struktureer op die beste moontlike wyse, ten einde hulle kinders groot te maak. Hierdie situasie kan problematies wees vir die moeders en hulle kinders, vanweë hulle oorvertroue op familieleden om al hulle behoeftes te vervul en vanweë hulle isolasie van vriende (Naran, 1991:30).

### **2.3.2 Die invloed van enkelouerskap op die kind**

Die belewinge van die kind binne die enkelouergesin word gewoonlik as negatief beskou. Van Loggerenberg & Roets (1993:108) toon vanuit hulle literatuurondersoek aan dat baie van die belewinge van die kind, hetsy as gevolg van egskeiding of dood van 'n ouer, dieselfde is, alhoewel die onderliggende betekenisgewing aan die situasie verskil. McLanahan & Sandefur (1994:78) het bevind dat die oorhoofse ooreenkomste belangriker is as die verskille tussen kinders wat in verskillende tipes enkelouergesinne (weduweenskap, egskeiding, ongehude moederskap) grootword. Hulle data lei tot die gevolgtrekking dat die omstandighede van gesinskeiding minder krities is vir die toekomstige welsyn van die kinders as die feit van die skeiding self.

Van Loggerenberg & Roets (1993:111-112) het in hulle studie van primêreskoolkinders waar die verlies van 'n ouer as gevolg van egskeiding of die dood onlangs ingetree het, en andersyds waar die verlies al 'n geruime tyd gelede gebeur het, bevind dat die belewinge, ongeag die tydsverloop, baie ooreengekom het. Die verlies van 'n ouer is vir die kind 'n negatiewe belewenis. Die versteurde belewinge word dikwels veroorsaak deur onrealistiese betekenisgewing, byvoorbeeld: "Ek is verantwoordelik vir my ouer se dood". Hierdie onrealistiese betekenisgewing is dikwels die resultaat van swak kommunikasie tussen ouers en kinders. Die ouer kom dikwels ook nie by die kind se belewinge uit nie, omdat hy/sy gepreokkupeer is met sy/haar eie ongunstige belewinge na die verlies van 'n huweliksmaat. 'n Gesonde opvoedingsklimaat gekenmerk deur daardie liefde, sorg, eerlikheid, vertroue, kennis en respek, wat so nodig is vir openhartige kommunikasie, ontbreek in hierdie gevalle. Die kind verloor dus nie bloot die afwesige ouer nie, maar ook dikwels die ondersteuning van die agterblywende ouer. Dit was verder opvallend uit die studie dat



die kind vrees dat hy/sy die oorblywende ouer, of sy/haar sorg of liefde ook kan verloor. Dit gebeur moontlik, omdat die kind se gevoel van sekuriteit geskud is of weens die veranderinge wat in die ouer na die gebeure ingetree het.

Dit blyk uit die studie dat die spesiale band wat tussen 'n ouer en 'n kind heers, baie sterk is. Baie kinders wou graag hulle eie ouer terughê, al het hulle die ouer nie geken nie, of al het die ouer hulle teleurgestel en hulle baie pyn veroorsaak, en al is hulle kwaad vir die ouer. Dit maak hulle steeds seer wanneer iemand iets negatiefs oor een van hulle ouers kwytraak. Hulle vind dit ook moeilik om 'n keuse tussen hulle ouers te maak. Hulle wil graag by beide ouers bly en hulle verlang baie na die afwesige ouer (Van Loggerenberg & Roets, 1993:112). Volgens Price (1991:205) wens kinders in die latente middelkinderjare dikwels dat hulle ouers weer met mekaar versoen word. Dit is vir hierdie kinders ook moeilik om te aanvaar dat hulle ma's uitgaan met ander mans (Price, 1991:205).

Vanuit die studie van Van Loggerenberg & Roets (1993:111-112) het dit duidelik geblyk dat die verlies van 'n ouer die kind in sy/haar totale verhoudingslewe beïnvloed. Die kind word beïnvloed in sy/haar verhouding met die self, sy/haar ouers, sy/haar portuurgroep en selfs objekte en idees (Van Loggerenberg & Roets, 1993:112). Binne 'n gestaltgroep word die kind se verhouding met die self en sy/haar portuurgroep weer opgebou deur die benutting van verskeie tegnieke.

Simons & Associates (1996:143) se bevindinge stem ooreen met vorige studies waar 'n verhouding tussen gesinsontwrigting en afwykende gedrag getoon word. Vorige navorsing het die hoë vlakke van gedragsprobleme onder kinders uit geskeide gesinne gekoppel aan die lewensveranderinge, ekonomiese druk en oneffektiewe ouerskap wat enkelouergesinne dikwels kenmerk (Cherlin; Emery; McLanahan & Sandefur in Simons & Associates, 1996:143). Die resultate van Simons & Associates (1996:143) se studie toon eerder aan dat hierdie veranderlikes 'n oorsaaklike volgorde vorm, waarvolgens huweliksontwrigting spanningsvolle gebeure en ekonomiese druk bevorder; laasgenoemde aspekte bevorder weer ongepaste ouerskap en ongepaste ouerskap bevorder afwykende gedrag by die kinders.

Ongepaste ouerskap impliseer minder aandag aan die kind vanweë 'n gebrek aan tyd, omdat die enkelouer in die meeste gevalle moet werk, asook verminderde beheer oor die doen en late van die kind.

In teenstelling met die bevindinge van bogenoemde skrywers, toon kinders uit enkelouergesinne egter ook positiewe eienskappe. Weiss (in Louw, *et al.* 1990:376) dui aan dat kinders uit enkelouergesinne meer onafhanklik en meer verantwoordelik is en dat hulle ook meer aktief deelneem in gesinsbesluitneming as wat by kinders uit twee-ouergesinne die geval is. Gormly & Brodzinsky (in Louw, *et al.* 1990:376) wys daarop dat daar talle enkelouergesinne is wat doeltreffend funksioneer. Dit is veral die geval waar die ouers hulle verskille oor aspekte soos finansiële en psigologiese ondersteuning opgelos het. In gesinne waar die kinders aangemoedig word om tye saam met die ander ouer deur te bring en waar kinders hegte vriendskappe met ander volwassenes het, blyk die verwagte negatiewe invloede nie plaas te vind nie (Louw, *et al.* 1990:376).

Tog neem dit volgens Bluestone (1991: 255) baie jare vir kinders om te rou en die verlies van 'n ouer te integreer, omdat kinders slegs klein dosisse van pynlike gevoelens kan tolereer. Kinders wat rou, druk hulle gevoelens dikwels op indirekte, vertraagde en verdoeselde wyses uit. Hulle druk hulle rou uit deur bepaalde gedragsvorme soos moedswilligheid, aggressiwiteit, rebelsheid, onttrekking of deur die verplasing van hulle gevoelens op volwassenes wat dit nie verdien nie. Kinders het volwassenes nodig ten einde hulle gevoelens te kan verbaliseer en hulle te help om die rouproses te begin verstaan en te begryp (Bluestone, 1991:255). Tydens groepterapeutiese intervensie kry die kinders die geleentheid om hierdie gevoelens te verbaliseer en insig te ontwikkel in hulle situasie.

Ongeag die tydsverloop na die verlies van 'n ouer, blyk dit dat die verlies en die enkelouersituasie 'n blywende invloed op die kind het.

#### **2.4 Die enkelouerkind in 'n middestad konteks**

Dit gebeur soms dat enkelouerskap daartoe kan aanleiding gee dat die gesin vanweë 'n verlies aan finansiële hulpbronne, in 'n woonstel in 'n ongunstige omgewing moet

intrek. McLanahan & Sandefur (1994:78) toon aan dat kinders uit enkelouergesinne meer geneig is om in ongunstige woonbuurtes te woon, om te assosieer met vriende wat negatiewe houdings teenoor die skool het, en om van blyplek te verander (McLanahan & Sandefur, 1994:78). Volgens Black & Krishnakumar (1998:636) word stres, insluitende verminderde ondersteuning vir prososiale gedrag, disintegrasie van uitgebreide gesinne en hoër toleransie vir misdaad gekweek, wanneer leef- en werksomstandighede te beperk raak. Alhoewel gesinne dikwels hulle kinders kan beskerm teen stedelike stres, mag hulle nie in staat wees om hulle kinders te beskerm, indien hierdie gesinne nie goed funksioneer nie en self 'n gebrek aan 'n gevoel van beheer het nie (Black & Krishnakumar, 1998:637). Die kontras tussen ekonomies meer gegoede gemeenskappe en stedelike gemeenskappe word deur McLoyd (in Black & Krishnakumar, 1998:639) verduidelik. Kinders wat in meer gegoede gemeenskappe grootword, mag aan meer prososiale rolmodelle en beter dienste blootgestel word. In teenstelling hiermee mag die rassesegregasie, misdaad, beperkte hulpbronne en geweld wat algemeen is onder baie lae inkomste, stedelike gemeenskappe die vermoë van gesinne om hulleself en hulle kinders te beskerm, verhinder.

Na aanleiding van bogenoemde, kan die afleiding gemaak word dat die enkelouerkind wat in 'n middestad konteks grootword, met 'n meer problematiese lewensituasie gekonfronteer word as die enkelouerkind wat in 'n ekonomies meer gegoede woonbuurt grootword.

Jarrett (in Black & Krishnakumar, 1998:644) noem die volgende strategieë vir die verhoging van die weerbaarheid van die kind in 'n middestad konteks teen negatiewe invloede:

- Ondersteunende volwassenes in hierdie kinders se lewens, beide in die gesin en binne die gemeenskap, is belangrik vir die verhoging van weerbaarheid in die kinders se lewens. Volwassenes voorsien leiding, terugvoer en beskerming vir kinders soos wat hulle toesighou oor hulle aktiwiteite en as rolmodelle dien.
- Die ontwikkeling van individuele vaardighede en bevoegdhede wat kinders en adolessente in staat stel om die druk van die stedelike lewe te vermy.

Tydens die gestaltgroepwerkprogram word die enkelouerkind in 'n middestad konteks blootgestel aan ondersteunende volwassenes in die vorm van die terapeute en word die kind bemagtig om sy/haar enkelouersituasie teen die agtergrond van 'n ongunstige omgewing, op meer toepaslike wyses te hanteer. Die enkelouer word ook tydens die program begelei om verhoogde emosionele ondersteuning aan sy/haar kind te bied.

## **2.5 Terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewing in die enkelouergesin**

### **2.5.1 Terapeutiese intervensie in die algemeen**

Enkelouerskap impliseer dikwels twee primêre verliese vir die kind, naamlik die verlies van die ouer wat die gesin verlaat het vanweë dood of egskedding en in die tweede plek die verlies van aandag en beheer van die oorblywende ouer onder wie se toesig die kind is. Laasgenoemde is in baie gevalle die gevolg van die ouer se preokkupasie met sy/haar eie rouproses en gebrek aan tyd om aandag aan die kind te bestee vanweë toetreding tot die arbeidsmark. Volgens Bluestone (1991:256) moet volwassenes wat 'n kind in die latente middelkinderjare wat getraumatiseer is deur die dood van 'n ouer, moet hanteer, poog om 'n atmosfeer te skep waarbinne die kind houdings en emosies vrylik kan uitdruk. Die maatskaplike werker wat met hierdie kinders werk, moet die volgende spesiale behoeftes van die kind wat rou, verstaan:

- Die behoefte aan sekuriteit.
- Die kind se lae toleransie vir sielkundige pyn.
- Die behoefte aan volwasse rolmodelle.
- Die moontlikheid vir die onderdrukking en verwarring van gevoelens, vanweë die gebrek aan woordeskat en konseptuele ontwikkeling.
- Die behoefte om herinneringe van die oorledene te perserveer en te koester (Bluestone, 1991:256).

Die kind wat 'n ouer deur egskedding verloor het, ervaar in die meeste gevalle soortgelyke behoeftes as 'n kind wat 'n ouer deur die dood verloor het.

Die kind se belevinge in die enkelouergesin moet op toepaslike wyses deur die terapeut hanteer word. Die kind leer op hierdie wyse hoe om soortgelyke toekomstige traumatiese ervarings, te hanteer. Van Loggerenberg & Roets (1993:112-114) maak die volgende belangrike aanbevelings ten opsigte van die hantering van die kind se belevinge in die enkelouergesin:

- **Skuldgevoelens**

Die kind moet verseker word dat sy/haar teenwoordigheid in die gesin en sy/haar negatiewe optredes en gevoelens teenoor die afwesige ouer normaal was en dat dit nie die dood of egskieding kon veroorsaak het nie.

- **Woede**

Die kind se woede moet aanvaar word en daar moet op 'n toepaslike wyses daaraan uiting gegee word. Die kind moet weet dat dit toelaatbaar en normaal is om onder bepaalde omstandighede kwaad te word.

- **Verwarring**

In die geval van 'n egskieding, moet 'n kind verseker word dat beide sy/haar ouers nog vir hom/haar lief is en dat hy/sy nog vir albei lief kan wees en nie nodig het om 'n keuse tussen hulle te maak nie.

- **Vrees**

Kinders moet verseker word dat hulle ouers vir hulle lief is, dat hulle by albei welkom is en dat die agterblywende ouer hulle nie sal verlaat nie. Kinders se vrese word soms oorgeneem van die vrese wat ouers het. Die kind se vrae oor die dood en die oorlede ouer se toestand na die dood, moet op 'n verstaanbare wyse beantwoord word, sodat die kind 'n realistiese siening van die dood kan hê en vrese vir spoke byvoorbeeld, uit die weg geruim kan word.

- **Beleving van ontoereikendheid**

Die ouer moet ingestel wees om aan die kind erkenning en waardering te gee vir enige positiewe gesindheid en optrede. Wanneer die kind ervaar dat die ouer hom/haar

hoogag, sal hy/sy weer hoë selfagting beleef. Hierdie aspek behoort deur die terapeut tydens oerleiding met die enkelouer aangespreek word.

- **Belewing van verlies**

Die enkelouer moet die funksies van die afwesige ouer bykomend tot sy/haar eie vervul. Dit veroorsaak dat hoë eise aan die enkelouer gestel word. Een van die groot probleme van enkelouerskap is die afwesigheid van 'n identifikasiefiguur van die afwesige ouer se geslag. Die ouer moet poog om die kind betrokke te kry by 'n volwassene van sy/haar eie geslag en poog om optredes van die kind wat kenmerkend is van sy/haar geslag te versterk deur dit met goedkeuring te beloon.

- **Smart en depressie**

Om oor 'n ouer te treur, bied 'n desensitiserings van die trauma wat met die verlies gepaardgaan. Die proses bied geleidelike losmaking van emosies (Schowalter in Van Loggerenberg & Roets, 1993:113).

Die kind kan onder andere op die volgende wyses gehelp word:

- \* Die kind se gevoelens moet aanvaar word en daar moenie vir hom/haar gesê word hoe hy/sy behoort en nie behoort te voel nie (Huntley in Van Loggerenberg & Roets, 1993:113).

- \* Kinders moet aangemoedig word om vrae te vra en om soveel moontlik oor die verlore ouer te praat, asook om uiting aan hulle gevoelens te gee. Sodoende vind sistematiese desensitiserings plaas (Vigevano & Claire in Van Loggerenberg & Roets, 1993:113-114).

Die genoemde aanbevelings kan ook met vrug tydens groepintervensie met die kind in die enkelouergesin aangewend word en nie slegs tydens individuele terapie nie. Binne die opset van groepintervensie geniet die kind addisioneel die ondersteuning van die ander groeplede, wanneer die ouer nie in staat is om die nodige ondersteuning te bied nie.

### 2.5.2 Terapeutiese intervensie binne groepverband

Meer kinders kan gelyktydig bereik word deur middel van groepterapie as tydens individuele terapie. Indien dit egter blyk dat 'n kind ernstiger emosionele probleme ervaar, wat nie binne die bestek van 'n groepterapeutiese program aangespreek kan word nie, kan die kind na groepintervensie verwys word vir individuele speltherapie. Schilling & Koh (1992:405-420) het navorsing gedoen oor 'n 12 sessie groepintervensie vir 38 middestadkinders wat 'n versorger verloor het. Tydens die ontwerp van 'n intervensie vir hierdie kinders, is daar gepoog om die verlieservaring te normaliseer, portuurgroepondersteuning te voorsien en 'n veilige, nie-bedreigende omgewing te skep ten einde vrese, fantasieë en ambivalente gevoelens oor die dood, uit te druk.

Voor die eerste groepwerksessie, het een van die terapeute elke kind individueel ontmoet ten einde die doel van die groep te verduidelik en enige ongemak en angstigheid oor deelname te verminder. Tydens die beginfase is daar besluit op reëls vir vertroulikheid en optrede, asook op die doel van die groep. Die terapeute het 'n ondersteunende omgewing gehandhaaf en aspekte wat verbandhou met rou genormaliseer. Die kinders is gevra om 'n prentjie te teken van die afgestorwene en die gesin, wat bruikbaar is as 'n nie-verbale indikator van kinders se gevoelens en denke oor die dood, as 'n wyse om bespreking oor sensitiewe sake te inisieer. Tydens die werksfase het die groepterapeut gevoelens van hartseer, woede en ambivalensie wat verband hou met die verlies, ontlok en ondersoek en gepoog om irrasionele denke en vrese oor die dood te verminder. Soos wat die kinders geteken het, het die terapeut hulle gevra hoe hulle in daardie situasies gevoel het. Deur die identifisering en uitdrukking van pynlike gevoelens, het die deelnemers meer bewus geword van hulle rou. Hulle het irrasionele denke en vrese oor die dood geopenbaar. Die kinders is aangemoedig om hulle huidige versorgers en gesinslede as 'n ondersteuningsstelsel vir hulle rou, te benut.

Die bevindinge van hierdie studie het in die eerste plek aangetoon dat die verlies van 'n ouerfiguur dikwels 'n impak op versorgings- en verblyfreëlings het. Die kinders het hulleself as betekenisvol meer depressief geëvalueer tydens die voortoets as wat hulle versorgers hulle geëvalueer het, maar tydens die natoets het hierdie verskil verdwyn.

Die meerderheid kinders het depressief gebly dwarsdeur die studie. Die voortoets en natoetsvergelykings impliseer dat die behandelingsintervensie wel die kinders in staat mag gestel het om 'n meer volwasse konsep van die dood te ontwikkel (Schilling & Koh, 1992:405-408).

Die uitdrukking, toe-eiening en hantering van gevoelens speel 'n belangrike rol in die gestaltbenadering tot groepintervensie. Daar is tydens die gestaltgroepwerkprogram van die navorser spesifiek van Oaklander se model (1988:53-56) gebruik gemaak om by die respondente se belewing van die enkelouersituasie, uit te kom. Die respondente is aangemoedig om oor hulle belewing te praat en om mekaar te ondersteun in die hantering daarvan.

## 2.6 Samevatting

- In hierdie hoofstuk is daar in die eerste plek aandag geskenk aan die emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare, aangesien die kind in die enkelouergesin veral op emosionele en sosiale vlak ontwig word.
- Die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare en die unieke problematiek van die enkelouerkind in 'n middestad konteks is hierna bespreek.
- Terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewing in die enkelouergesin, op 'n individuele en groepsbasis het in die laaste plek aandag geniet.
- Tydens gestaltgroepwerk kan elke kind begelei word tot die uitdrukking van sy/haar belewing van die enkelouersituasie en die toepaslike hantering daarvan met behulp van alternatiewe hanteringstrategieë.
- Die ander groeplede dien as 'n belangrike ondersteuningsnetwerk wanneer emosies en behoeftes uitgedruk word, aangesien hulle aan soortgelyke ervarings blootgestel is.

In die volgende hoofstuk sal daar spesifiek gefokus word op speltherapie as terapeutiese intervensie met kinders, die beginsels van gestaltterapie, gestaltspeltherapie en gestaltgroepwerk.